**WERKKAART 3**

**MEMORANDUM – MODULE 2**

---

1. Module 2 gaan jou op vele a) *reise* deur die verskillende b) *provinsies* neem. Mnr. Sol Kerzner is gewoond aan baie c) *onderhoude* deur d) *verslaggewers*.

   Selfs die kleinste e) *foto'tjie* sal hom nie ontstel om 'n f) *lesinkie* te lewer oor die ontstaan van Sun City nie. Al het jy twee g) *kameras* of 'n h) *kameratjie*, hy is altyd reg vir al die i) *nuuskieriges* se j) *foto*'s Jy gaan al jou k) *vaardighede* moet toepas om verskillende l) *stereotipes* te herken.

2. a) sterr**e**

   b) sk**oo**nste

   c) Die woord "pl**a**n**e**te" in sin 3 is 'n voorbeeld waar 'n lang vokaal **enkel** geskryf word in 'n **oop** lettergreep.

3. grootste

   *Tuiste* is 'n selfstandige naamwoord.

4. Die woord "SALT" is 'n voorbeeld van 'n (c) akroniem.

5. Southern African Large Telescope (antwoord op bladsy 32)


6. a) Jippee, Pa het gesê ons gaan oor vyf dae wildtuin toe en ek kan nie meer wag nie.

   b) Uitroepsin

   c) *Skaarste*: Dui op 'n te kort aan iets. Byvoorbeeld: Daar is 'n skaarste aan water.

   *Skaarsste*: Die oortreffende trap van *skaars*. Leeus is die skaarsste dier van almal om in die wildtuin raak te sien.

7.




8. "Die sterre":

   a) Onderwerp: Die son Gesegde: slaap

Voorwerp: die kombers

b) "... wat groot kan wees of klein, ..."

9. Korrekte woorde:

a) Almal het gedink dit begin **reën** toe die sprinkelsproeiers aangaan.

b) Sol Kerzner het nie baie van die kos **geëet** nie omdat hy op 'n **dieet** is.

c) Sol Kerzner se jongste seun is nog in die **Laerskool**.

d) Daar is so baie **diëte** op die mark waaruit gaste by *Lost City* kan kies.

e) Selfs die **militêre** afdeling wou deel van Klein Aap se oorwinning wees.

f) Klein Aap het **êrens** 'n advertensie van *Die Wieg van die Mensdom* gesien.

h) Dit is 'n oulike **vers** wat Hennie Aucamp geskryf het.

i) Mev. Ples **sê**: "Elke siel in Sun City moet help."

j) Me. Kerzner hou baie van **pers** in haar sitkamer.

k) Die joernalis het besluit om 'n oulike **kombers** by *Die Wieg van die Mensdom* te koop.

10. Korrekte spelling:

Sun City is 'n **populêre** vakansie bestemming. Almal het my vriendelik **bejeën** toe hulle hoor ek gaan in *The Palace* oorslaap.

Die **posseël** op die bedankingsbrief is uniek, dit lyk soos **hael** wat op die horison aankom.

Al die **kêrels** hou baie van die meisies wat die SALT besoek. Hulle staan **soggens** vroeg op om deur die teleskoop te gaan loer.

Selfs 'n **vlermuis** het hom tuisgemaak in die SALT se hoeke.

Mamma moes vinnig al die **skêre** bêre toe Jakoos sy denim korter wou maak.

Die mense het **gelê** soos hulle lag nadat Jakoos hulle met sy stuitighede vermaak het.

11. Spelfoute:

**DAG 1**

Vandag gaan ons vir **Ouma-hulle** op die plaas haal. Hulle gaan saam met ons wildtuin toe. Op die plaas het ons die **dag-vir-dag-roetine** beplan. Ouma sorg vir al die lekker eetgoed en pak natuurlik ook haar **radio'tjie** in (oumense kan nie sonder hul **stories** nie). Oupa gaan nêrens sonder sy verkyker en **kameras** nie. Hy kan die mooiste **foto's** neem.

**DAG 2**

Die wildtuin is asemrowend mooi. Ons sien 'n klipspringer **bo-op** die koppie. Pa is byderhand om die mooiste **video's** te neem. By die kamp koop ma vir my 'n **T-hemp** met die wildtuin se embleem op. Vanaand stuur ek **e-pos** vir al die **Marais's** by die huis om vir hulle van al ons wedervaringe te vertel.

**DAG 3**

Mpumalanga met sy prag natuurskoon is vandag op die doenlys. Met die stap na die waterval kom ons op 'n **kiwi-eier** af. Natuurlik blaas die ma om ons te verjaag. Ek begin wonder of die **Onder-Kaap** se natuur mooier is? Ongelukkig kom ons op 'n **tref-en-trap-ongeluk** af. Die man is beseer en sal beslis vir **x-strale** moet gaan. Dit is so warm, ons soek elke moontlike **skadu'tjie** op.

**DAG 4**

By die **Sudwala-grotte** kruip ons **plek-plek** op ons knieë. Buite by die kar gee my pa 'n fooitjie aan die man wat ons kar oppas. Kan jy glo ... die rugby se **A-spanne** van die onderskeie provinsies stop op die **BBP-plek**! Ek hardloop om gou handtekeninge te versamel. My ma kry natuurlik amper 'n **senu-ineenstorting** ten aanskoue van die spierpaleise!

**DAG 5**

Die vakansie is amper verby en ons pak die pad huis toe aan. Ons stop vir **middagete** by die **Terblanche'e**, waar die **rodeo's** 'n middagvertoning lewer. Sjoe, party van daardie manne kan klou! Met die stop voor die groot plaasopstal, weet ek dit was 'n vakansie om te onthou.

## Vir inligting oor u naaste boekhandelaar of vryskutagent kontak

**Elana Bredell** Streeksverkoopsbestuurder: Skole (Kusstreke, Vrystaat, Noord-Kaap) | Regional Sales Manager Schools (Coastal Regions, Free State, Northern Cape) **elana.bredell@nb.co.za** of
**Henk Viljoen** Streeksverkoopbestuurder: Skole (GT, MPU, NW, E.C., L) | Regional Sales Manager Schools (GT, MPU, NW, E.C., L) **henk.viljoen@nb.co.za**.